

*REGSBYSTAND*

**virseker**

Jou versekering, jou mense, jou taal.

'n Produk van auto  general

# VIRSEKER REGSBYSTAND

Die Regsbystandpolis bied jou regsbystand – waar en wanneer jy dit nodig het. Daarbenewens kan jy, jou regte beter verstaan en kennis oor jou regte inwin. In terme van hierdie polis sal regsadvies, bemiddelings- en bystanddienste deur die LIPCO Groep (Edms) Bpk gelewer word.

## Wie is gedek?

Die polis bied dekking aan jou, jou wettige/tradisionele lewensmaat en vier afhanklike kinders (ongetroud/werkloos) onder die ouderdom van 25.

Indien jy na die aanvang van jou polis trou, sal die datum van die huwelik as jou lewensmaat se aanvangsdatum genoteer word. Vanaf hierdie datum sal hy/sy en sy/haar afhanklike kinders onderwerp word aan die relevante wagtydperke.

## Voordele wat jy geniet

### **BASIESE VOORDEEL**

Hierdie voordeel maak jou geregtig op advies oor enige privaatregtelike- of arbeidsake, ongeag of die grond van aksie na of voor die aanvang van jou polis ontstaan het. Bystand onder hierdie voordeel is slegs tot advies beperk en dekking bestaan vanaf die aanvangsdatum van jou polis. Dekking is onbeperk.

### **BEMIDDELINGSVOORDEEL**

Hierdie voordeel maak jou geregtig op informele bemiddeling en bystand met sake wat na die aanvang van jou polis ontstaan het. Daar sal namens jou briewe geskryf, telefoonoproepe gemaak, fakse en e-posse gestuur en konsultasies gehou word. Jy sal bygestaan word tot op die punt waar regsaksies onvermydelik is. Dekking bestaan vanaf die aanvangsdatum van jou polis. Dekking is onbeperk.

## Sake wat onder die Bemiddelingsvoordeel ingesluit word:

- Bystand met geskrewe verhoë en skikkingsonderhandelinge in kriminele- en arbeidsake;
- Bemiddeling in siviele sake waar jy 'n eis wil instel of 'n aksie teen jou wil verdedig;
- Bemiddeling in gesinsake, soos onderhoud en egskeidingskikkings;
- Sake wat verband hou met identiteitsdiefstal; en
- Opstel van die volgende ooreenkomste:
  - Verkoopkontrakte vir roerende en onroerende eiendom;
  - Dienskontrakte vir huiswerkers;
  - Skikkingsooreenkomste;
  - Erkenning van skuld;
  - Huurooreenkomste; en
  - Standaard testamente.

### **BELASTINGVOORDEEL**

Jy sal van die diens van geregistreerde Belastingpraktisyns in terme van die Belasting Administrasie Wet wat in die verskaffing van belastingadvies en/of belastingopgawe-indieningsdienste spesialiseer, gebruik kan maak. LIPCO maak dit hulle missie om seker te maak dat daar aan die behoeftes van die individuele belastingkliënt voldoen word, terwyl hulle vol selfvertroue is dat hulle kundigheid, integriteit, eerlikheid en persoonlike kontak met die kliënt hulle van ander rolspelers in die gespesialiseerde diens-industrie onderskei.

Hulle poog om die gaping te oorbrug en op te tree as bemiddelaars tussen die belastingbetaler en SAID (die Suid-Afrikaanse Inkomstediens) wanneer gekompliseerde belastingverwante kwessies opduik. Hulle streef daarna om die belastingbetaler in sy/haar eie taal te help, waar moontlik.

## Wie is gedek?

Die hoof polisher sal geregtig wees op advies ten opsigte van sy/haar persoonlike belastingake en sal bygestaan word met die voltooiing en indiening van sy/haar jaarlikse belastingopgawe (alleenlik die huidige belastingjaar).

- Hierdie voordeel geld slegs ten opsigte van die hoof polisher, wat LIPCO van alle relevante en vereiste dokumente moet voorsien, wat op LIPCO se uitsluitlike diskresie benodig sal word om suksesvol die polisher se jaarlikse belastingopgawe aan die SAID te voltooi en in te dien.

- Dit is die polishouer se plig om seker te maak dat alle relevante dokumente, nie minder as een kalendermaand voor enige toepaslike belastingsteurdatum wat deur die SAID daargestel is, by LIPCO ingedien word nie. Versuiming om LIPCO van die inligting en dokumente wat versoek word te voorsien, sal LIPCO die reg voorbehou om ondersteuning onder hierdie voordeel te weier. Dit bly die polishouer se plig om seker te maak watter belastingsteurdatum van toepassing op hom/haar is en om daaraan te voldoen.

### Wat die Belastingvoordeel dek

- Voltooiing en indiening van belastingopgawes.
- Voltooiing en indiening van voorlopige belastingopgawes.
- Advies ten opsigte van salaris-strukturering.
- Belastingbeplanning.
- Dispuut resoluusie met die SAID.
- Beswaar ten opsigte van assessering(s) vanaf die SAID.
- Berekening van Kapitaalwinstbelasting.
- Berekening van Skenkingsbelasting.
- Hulp met assessering audits.
- Advies ten opsigte van al die bogenoemde punte.

### Wat die Belastingvoordeel nie dek nie

Die Belastingvoordeel spesifiseer dat dit tot Suid-Afrikaanse inwoners en tot die hoof polishouer beperk is.

- Vorige jare se indienings, besware en oudit hulp sal nie gedek wees nie.
- Alleeneienaars word uitgesluit tensy hulle die relevante finansiële state van die alleeneienaar vir die spesifieke belastingjaar aan LIPCO kan verskaf.
- Beslote korporasie lede of aandeelhouers in 'n privaat maatskappy word uitgesluit tensy hulle LIPCO met die relevante finansiële state ten opsigte van die beslote korporasie of privaat maatskappy vir die spesifieke belastingjaar, kan voorsien.
- Hulp kragtens hierdie voordeel is tot persoonlike belastingopgawes beperk.
- Polisse wat voor 1 Junie uitgereik is, sal ook vir die huidige belastingjaar (indiening van belastingopgawe tussen Julie en November) gedek wees.
- Polisse wat na 1 Junie uitgereik is sal eers vanaf die volgende belastingjaar gedek wees.
- Dit bly die polishouer se verantwoordelikheid om LIPCO te skakel en opdrag te gee om relevante belastingopgawes op 'n jaarlikse basis te voltooi.
- Alle nodige en relevante dokumente wat vir voltooiing van belastingopgawes versoek is moet LIPCO een kalendermaand voor die SAID se relevante belastingsteurdatum(s) bereik.
- LIPCO sal nie dokumente van derde partye namens die polishouer versoek of bekom nie (bv. IRP5e, mediese fonds sertifikate, ens.). Dit sal die polishouer se verantwoordelikheid bly.
- LIPCO mag nie derde partye namens die polishouer kontak nie. Dit sal die polishouer se verantwoordelikheid bly.
- Die polishouer sal daarvoor verantwoordelik wees om betalingsreëlings direk met SAID te maak, indien nodig.
- Die polishouer sal daarvoor verantwoordelik wees om sy/haar persoonlike- en bankbesonderhede direk met SAID op te dateer.

## LITIGASIEVOORDEEL

Die besonderhede van hierdie voordeel verskil, afhangend van watter plan jy gekies het. Verwys na die tabel hier onder vir meer inligting.

PLAN A	PLAN B	PLAN C
Die Litigasievoordeel verskaf dekking wanneer jy in enige hofprosedure van 'n kriminele-, siviele- of arbeidsaard betrokke is en waar fisiese verteenwoordiging benodig word. Dekking is beperk tot die maksimum bedrag soos op jou skedule aangedui en tree drie maande na die aanvang- of herinstellingsdatum van jou polis in werking.	Die Litigasievoordeel verskaf dekking wanneer jy in enige hofprosedure van 'n kriminele-, siviele- of arbeidsaard betrokke is en waar fisiese verteenwoordiging benodig word. Dekking is beperk tot die maksimum bedrag soos op jou skedule aangedui en tree drie maande na die aanvang- of herinstellingsdatum van jou polis in werking.	Die Litigasievoordeel verskaf dekking wanneer jy in enige hofprosedure van 'n kriminele-, siviele- of arbeidsaard betrokke is en waar fisiese verteenwoordiging benodig word. Dekking is beperk tot die maksimum bedrag soos op jou skedule aangedui en tree drie maande na die aanvang- of herinstellingsdatum van jou polis in werking.

PLAN A	PLAN B	PLAN C
Die Litigasievoordeel sluit verteenwoordiging ten opsigte van die volgende sake in: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Siviele sake gebaseer op enige geskrewe en getekende ooreenkoms.</li> <li>• Borgaansoeke en kriminele sake.</li> <li>• Dissiplinêre verhore waar jy afdanking in die gesig staar en regsverteenvoordiging toegelaat word.</li> </ul>	Die Litigasievoordeel sluit verteenwoordiging ten opsigte van die volgende sake in: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Siviele sake gebaseer op enige geskrewe en getekende ooreenkoms.</li> <li>• Borgaansoeke en kriminele sake.</li> <li>• Dissiplinêre verhore waar jy afdanking in die gesig staar en regsverteenvoordiging toegelaat word.</li> </ul>	Die Litigasievoordeel sluit verteenwoordiging ten opsigte van die volgende sake in: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Siviele sake gebaseer op enige geskrewe en getekende ooreenkoms.</li> <li>• Borgaansoeke en kriminele sake.</li> <li>• Dissiplinêre verhore waar jy afdanking in die gesig staar en regsverteenvoordiging toegelaat word.</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Enige identiteitsdiefstal saak (sake).</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Enige identiteitsdiefstal saak (sake).</li> <li>• Onbestrede egskedingsake (bv. waar die aksie nie verdedig is nie en 'n skikking tussen die twee partye word bereik).</li> <li>• Onderhoudsverhore waar die ander party in die dispuut deur 'n regspraktisyn verteenwoordig word.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Enige identiteitsdiefstal saak (sake).</li> <li>• Onbestrede egskedingsake sowel as bestrede egskedingsake. Dekking is beperk tot <b>R10 000</b> per jaar.</li> <li>• Onderhoudsverhore waar die ander party in die dispuut deur 'n regspraktisyn verteenwoordig word.</li> <li>• 'n Landdroshof aansoek vir die herroeping van vonnis waar jy 'n geldige regsverdediging het, waar die vonnis teen jou geneem is sonder jou medewete en jy LIPCO daarvan, binne sewe dae vanaf bewuswording van die vonnis, in kennis gestel het.</li> </ul>

## Wagtydperk

Die 'wagtydperk' is 'n tydperk waartydens geen versekeringsdekking verskaf word nie en maandelikse betalings betaalbaar is.

## Wat nie gedek word nie

- Enige regstappe teen die LIPCO Groep (Edms) Bpk en/of ons en/of enige van ons verteenwoordigers.
- Waar verteenwoordiging buite die grense van Suid-Afrika benodig is of waar enige party tot die geskil buite die grense van Suid-Afrika woonagtig is.
- Regsaksies waar die eisorsaak voor of gedurende die drie-maande wagtydperk ontstaan het.
- Waar daar geen redelike vooruitsig van sukses bestaan nie en jy volgens die Merietekomitee vals of onvoldoende inligting voorgelê het, wat die komitee nie oortuig het dat jy die saak sal wen nie.
- Geskille wat jy met ons of enige van ons aangewese verteenwoordigers het.
- Handeling wat deur jou verrig is gedurende jou bestaande of voortnemende besigheids- of handelstransaksies wat verband hou met jou besigheid.
- Jou politieke aktiwiteite as gesaghebbende van enige regering, plaaslike- en/of geregshof.
- Aangeleenthede met betrekking tot die nalatigheid en/of handeling deur jouself, jou lewensmaat/jou afhanklikes, verrig terwyl onder die invloed van alkohol en/of enige soort dwelm.
- Nalatige/roekelose en/of kwaadwillige dade deur jou verrig, byvoorbeeld waar jy doelbewus die wet verontagsaam en bewus is van die moontlike gevolge daarvan.
- Burgerlike opstand, arbeidsonrus, onluste, openbare wanorde, onwettige stakings, uitsluitings en burgerlike ongehoorsaamheid.
- Skade wat as gevolg van oorlog, inval, dade van buitelandse vyande, vyandelike of oorlogsugtige bedrywighede en/of munitery ontstaan.
- Aangeleenthede waar lede van die publiek sonder regsverteenvoordiging by gemeenskapshowe, soos die Hof vir Klein Eise, kan verskyn.
- Enige aangeleentheid wat voortspruit uit 'n gesins-/liefdesverhoudingsgeskil (bv. toesig, onderhoud, aanneming, gesinsgeweld) of enige eise tussen lewensmaats en gewese lewensmaats.
- Enige self-geïnisieerde of besigheidsverwante aansoeke of registrasies (soos lisensies, patente, kopiereg, ens.).
- Enige formele wetlike aansoek, hetsy van 'n siviele-, gesins-, kriminele- of arbeidsaard, waar so 'n aansoek self-geïnisieerd is (bv. 'n interdik, sekwestrasie, rehabilitasie) waarvan die hoofdoel is om jou in 'n beter finansiële en/of aansienlike posisie te plaas.
- Bereddering van boedels en sake rakende die stigting van 'n trust.
- 'n Siviele eis gebaseer op 'n mondelingse ooreenkoms waarvan daar geen skriftelike voorwaardes en bepalinge is nie.
- Enige eise vir nie-geldelike verliese (bv. kwaadwillige vervolging, onregmatige inhegtenisname- en naamskendingsake).
- Konstitusionele Hof-verteenvoordigings.
- Enige saak waar dit vir jou moontlik is om deur enige ander vorm van versekering vir skadevergoeding te eis.
- Belasting-verwante litigasie.
- Waar jy versuim het om die diensverskaffer binne 30 dae vanaf die gebeurtenis in te lig oor enige saak wat moontlik aanleiding tot regstappe kan gee.
- Die invordering van skuld namens jou, waar die eerste lasbrief tot uitvoering uitgereik is en onsuksesvol was. Jy sal vir verdere kostes wat verband hou met die uitvoeringsproses verantwoordelik wees.
- Betaling van kostebevele toegeken teen u in enige regsgeding.
- Verlies of skade aan jou voertuig waar jy versuim het om jou finansieringsooreenkoms se vereiste om jou voertuig korrek te verseker na te kom.
- Motorsake (siviel en krimineel verwant) waar:

- die betrokke motor deur iemand anders behalwe jy of jou afhanklikes bestuur is; of
- die bestuurder van die motor ten tye van die ongeluk nie in die besit van 'n geldige bestuurslisensie was nie.
- Enige siviele of arbeidsverwante eis waar die totale eisbedrag minder as **R5 000** is.
- 'n Identiteitsdiefstal saak, indien die oorsaak voortspruit uit die volgende gevalle, sal nie gedek wees nie.
  - oneerlike insidente of bedrog wat deur die lid gepleeg is, of enige lid van sy of haar familie (bv. Lewensmaats, broers, susters, kinders of ouers); of
  - versuiming deur die lid om te voldoen aan enige of al die bepalings en voorwaardes wat van toepassing op betalingskaarte is (bv. die bepalings en voorwaardes, wat deur die relevante finansiële instansie wat die kaart uitgereik het, afgedwing word).

## Jou verpligtinge

Indien jy nie enige van die volgende verpligtinge nakom nie, kan jou dekking gekanselleer word.

- Stel ons in kennis indien enige besonderhede of verklarings foutief is of as enige van hierdie besonderhede of verklarings verander.
- Rapporteer enige regs- of arbeidsaak aan die diensverskaffer binne 30 dae vanaf jou bewuswording.
- As jy 'n eis wil indien, 'n nuwe eis wil rapporteer of regsbystand benodig, skakel asseblief die Verkope, Kliëntediens en Eisenommer, **0860 09 46 24**.
- Jy moet skade van enige ander versekering wat jy mag hê eis voordat jy in terme van die Litigasievoordeel eis.

As jy ongelukkig is met enige diens wat verskaf is, kan jy volgens hierdie polis die saak binne 90 dae na die Interne Dispuut Resolusie Departement verwys deur **0860 10 90 59** te skakel of per e-pos soos per die e-pos adres op jou skedule. Indien jy nie by hierdie tydsbepaling hou nie, mag jy verhoed word om met die regsproses voort te gaan.

Indien die dispuut nie tot jou bevrediging opgelos is nie, sal jy 'n addisionele 180 dae hê om óf regsprosedure in te stel óf om die Ombudsman vir Kort-termynversekering by Posbus 32334, Braamfontein, 2017 te kontak.

Neem asseblief kennis dat die Ombudsman slegs 'n klagte oorweeg, indien hy tevrede is dat die Klaer eers onsuksesvol gepoog het om die dispuut op te los deur nadering aan die Versekeringsmaatskappy se bestuur, of hulle interne Klagte Hantering Departement.

## Hoe maak ek veranderings?

- Bel die Kliëntediensnommer by **0860 09 46 24**.
- As jy 'n verandering wil maak of genoeg van ons gehad het en die polis wil kanselleer, is dit geldig vanaf die datum waarop jy met ons ooreengekom het.
- Ons mag jou polis verander of kanselleer deur jou 31 dae skriftelike kennis te gee.

## Betwiste eise

Nadat ons jou in verband met ons besluit aangaande jou eis ingelig het, sal ons jou 90 dae gee om voorleggings oor ons besluit te maak. Indien ons binne hierdie tydperk enige voorleggings ontvang, sal ons besluit hersien word en die uitkoms van die hersiening aan jou oorgedra word.

Indien ons na hersiening besluit om jou nie vir jou eis of deel daarvan uit te betaal nie en jy besluit om ons besluit te betwis, moet jy binne ses maande, vanaf die vervaldatum van die 90-dag tydperk waarna hierbo verwys word, geregtelike prosesstukke teen ons voorlê. Indien jy nie aan die tydperk voldoen nie, sal jy verhoed word om enige regstappe teen ons te neem.

## Hoe werk my betalings?

Jou Regsbystandpolis bied jou maandelikse dekking; 'n maandelikse premie sal vooraf, op die aftrekdatum soos wat dit op 'n skedule verskyn, afgetrek word. Indien ons nie in die maand wat op die aktivering van jou polis volg (en daarna) jou premie op die gekose aftrekkingsdatum ontvang nie, sal 'n grasietydperk van 15 dae aan jou toegestaan word om jou premie te betaal. Na afloop van die 15 dae periode sal jy geen dekking vir die res van die maand hê nie, tot en met jou premie ontvang word.

## Premieverpligtinge

- Jou premieverpligtinge word in jou skedule onder "Betalingsbesonderhede" uiteengesit. Hier sal jy jou besonderhede aangaande betaalbare premies, asook inligting aangaande die betaalwyse en die datum waarop betaling verskuldig is, vind.
- Neem asseblief kennis dat ons ooreengekom het om die premie deur 'n debietorder te verhaal. Jou debietorder sal op die datum waarop ooreengestem is verhaal word. Ons behou die reg voor om die premie op 'n alternatiewe datum te verhaal in 'n poging om seker te maak dat jy steeds verseker is. As enige aftrekdatum waarop ons ooreengekom het oor 'n naweek of openbare vakansiedag val, sal die aftrekking of op die laaste dag voor, of die eerste dag na, die naweek of openbare vakansiedag gemaak word. Indien ons nie jou premie op jou gewone aftrekdatum ontvang nie sal ons, met die doel om jou gedek te hou, poog om op 'n meer gepaste datum jou premie vanaf jou te verkry. As die premie vir drie opeenvolgende maande nie betaal word nie, sal die polis onmiddellik gekanselleer word.

## Betaling gestaak

Die polis sal onmiddelik gekanselleer word indien jy die bank instruksie gegee het om jou debietorder betaling te staak.

## Wysigings

Skakel die Verkope, Kliëntediens en Eisenommer **0860 09 46 24** om jou polis te wysig of te kanselleer. Enige wysiging of kansellasië sal vanaf die ooreengekomde datum effektief wees. Neem asseblief kennis dat, as ons jou polis wil kanselleer of wysig, ons jou 31 dae kennis sal gee. Ons kan jou verbaal, elektronies, deur middel van 'n faks of deur die pos (aan jou laaste bekende posadres) in kennis stel.

Verkope, Kliëntediens en Eise:  
0860 09 46 24

Virseker is 'n produk van Auto & General Versekeringsmaatskappy Bpk (Reg. Nr. 1973/016880/06), 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (FDV-lisensienommer: 16354). Enige verwysing na "ons", "deur" of "met" in hierdie dokument verwys na Auto & General.

Die LIPCO Groep is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (FDV lisensienommer: 7508).